**Notule** van die **5de** Gewone Maandelikse vergadering van die
Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 29 Julie 2014**

om **10:00**

**Teenwoordig:**

**Raadslede** SM Motsoane [Speaker], G Adolph [Voltydse Raadslid], J Bostander, G de Vos, L Deyce, M Furmen, GT Murray, EAJ Beyers, AM Slabbert, DE Welgemoed, R van der Linde en AD Willemse

**Afwesig:**

**Raadsheer** T Prince [Uitvoerende Burgemeester] (verskoning) (studieverlof)

**In diens:**

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Gemeenskapsdienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Bestuurder: Finansiële Administrasie, Mnr. RA Eland, Komitee Beampte en Senior Klerk: Komitees

Mnr. LP Lakay open die vergadering met gebed.

## 1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER

**GEEN**

## 2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID

3/4/1

**BESLUIT**

Dat die volgende aansoeke om verlof, toegestaan word:

| Raadslede/heer | Datum van verlof |
|---|---|
| Raadslid L Deyce | 05 Augustus 2014 |
| Raadslid G de Vos | 07, 08 en 09 Augustus 2014 |
| Raadslid AM Slabbert | 01 en 02 en 13 Augustus 2014 |
| Raadslid EAJ Beyers | 31 Julie tot 08 Augustus 2014 |
| Raadslid R van de Linde | 05 Augustus en 13 Augustus 2014 |
| Raadslid AD Willemse | 05 Augustus 2014 en 13 Augustus 2014 |
| Raadslid DE Welgemoed | 13 Augustus 2014 |
| Raadslid GT Murray | 13 Augustus 2014 |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULES –

Raadslid GP Adolph gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die ondergenoemde notules soos gesirkuleer goedgekeur en aanvaar word-

ba

3.1 3de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 27 Mei 2014** met uitsondering van item 8.4 weer voor die Raad moet dien.

3.2 10de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Woensdag, 11 Junie 2014**

3.3 5de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 26 Junie 2014**

3.4 11de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Maandag, 30 Junie 2014**

3.5 12de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Donderdag, 03 Julie 2014**

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER
3/4/1

Die Speaker meld dat hy sy vorige mededelings versoek het dat Departement: Waterwese ŉ paar ondersoeke moes doen en is die kommentaar van die Departement nou ontvang en in die agenda ingebind wat later bespreek sal word hierdie vergadering.

Voorts versoek die Speaker alle wyksraadslede en Wykskomitees om van Augustus 2014 met Wykskomitees sowel as Wykskomitee vergaderings elke maand moet voortgaan tot 2016.

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER
3/4/1

Die Wrnde Uitvoerende Burgemeester (Raadslid G de Vos) meld dat daar huidiglik ŉ groot bekommernis heers oor die Raad se finansiële kontantvloei. Voorts versoek die Wrnde. Uitvoerende Burgemeester dat die Raad se organogram met die Raad deur middel van ŉ Werkswinkel behandel word. Voorts versoek die Wrnde Uitvoerende Burgemeester dat die inligting met betrekking tot watter poste permanent of tydelik gevul is aan die Raad voorgehou word.

Die Wrnde. Uitvoerende Burgemeester meld ook dat hy reeds met mnr. Smit ingesprek getree het met betrekking tot die watervlak van die gamkadam wat tot 38 % gedaal het.

Voorts meld die Wrnde. Uitvoerende Burgemeester dat daar huishoudings is wie se watermeters oorbrug is wat nogsteeds nie vir hul water betaal nie.

Laastens meld die Wrnde Uitvoerende Burgemeester dat hy gemelde aangeleenthede ook met die Uitvoerende Burgemeester sal bespreek.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

### 6.1 PRESENTATION: SHELL AND

Mr. Plaatjies made a presentation to Council with regards to an awareness program for HIV and Aids for children and parents. The plea of Mr. Plaatjies is that the Ward Councillors and Ward Committees be involved in this programme for assistance to spread the word out to the communities after which Council:-

**RESOLVED**

mb

That Council take noted of the new representatives of shell and of intentions to involve Ward Committees in their public participation process with regards to new projects they want to launch in town.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Raadslid GP Adolph vra om 'n koukus om synde 10:50 tot 10:55 waarna die vergadering voortgaan met die bespreking van item 7.1

### 7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: MEI EN JUNIE 2014

5/1/2/1; 8/1/1/2/3

**BESLUIT**

ba

Dat die maandelikse finansiële state vir die maande Mei en Junie 2014 soos uiteengesit in Bylae 20 tot 63, van die agenda goedgekeur en aanvaar word.

### 7.2 REPORT ON THE IMPLEMENTATION OF THE BUDGET AND FINANCIAL STATE OF AFFAIRS OF THE MUNICIPALITY – SECTION 52(d) AND SECTION 54 OF THE MFMA: 4th QUARTER OF 2013/2014 FINANCIAL YEAR

5/1/2/1

ba

Councillor EAJ Beyers seconded by Councillor GT Murray proposed that the Report on the Implementation of the Budget and Financial State of Affairs of the Municipality – Section 52(D) and Section 54 of the MFMA F for the 4th Quarter of 2013/2014 Financial Year, be accepted.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 8.1 LANGDIENSTOEKENNING
4/6/1/6

**GEEN**

### 8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES
SP

**NONE**

### 8.3 VOORGESTELDE DRANKHANDELSURE VERORDENING
1/1/5/1; 1/1/5/3

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

### 8.4 DONASIE/ BORG TEN OPSIGTE VAN BURGEMEESTER GHOLFDAG: LAINGSBURG MUNISIPALITEIT
3/6/1

Raadslid GP Adolph gesekondeer deur Raadslid EAJ Beyers stel voor:-

aa

8.4.1 Dat goedkeuring verleen word dat die Beaufort Wes Munisipaliteit die registrasiefooie van Raadslede en amptenare wie daarin belangstel om die Burgemeesters Gholfdag by te woon tot 'n maksimum van R8000.00 aan die Laingsburg Munisipaliteit oorbetaal as bydrae van die Beaufort Wes Munisipaliteit tot die Burgemeesters Gholfdag.

8.4.2 Dat indien daar privaat persone is wie daarin belangstel om die Burgemeesters Gholfdag by te woon, sodaniges se registrasiefooie ook betaal mag word uit die goedgekeurde bedrag van R8000.00, en nadat alle munisipale relevante persone geakkommodeer is.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

### 8.5 MFMA: SECTION 11(4): WITHDRAWALS FROM MUNICIPAL BANK ACCOUNTS
5/1/2/4

ba

Councillor G de Vos seconded by Councillor GP Adolph proposed that the Withdrawals from Municipal Bank Accounts with regards to Section 11 (4) of the MFMA, be approved.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.6 MFMA: SECTION 66: EXPENDITURE ON STAFF BENEFITS**
5/1/2/4

Councillor GP Adolph seconded by Councillor L Deyce proposed:

ba

8.6.1 That the Expenditure on Staff Benefits with regards to Section 66 of the MFMA be approved.

bp

8.6.2 That a report of the travelling allowances of Councillors be tabled at the next Council meeting.

bp

8.6.3 That a report of all permanent and temporary workers be tabled at the next Council meeting.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.7 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULDE: DEERNISHUISHOUDINGS EN DOOIE REKENINGE**
5/10/5

**BESLUIT**

aa

8.7.1 Dat hierdie aangeleentheid oorstaan vir bespreking saam met die Kredietbeheerbeleid.

8.7.2 Dat die punte soos deur Raadslid M Furmen geopper bespreek word en dat sodanige punte vanaf Raadslid M Furmen verkry word.

**8.8 FORMULERING VAN RAADSBESLUIT: AFSKRYF VAN HOë WATERREKENINGE WAAR LEKKASIES VOORKOM EN GERAPPORTEER WORD**
5/10/5

**BESLUIT**

aa

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en dat alle vorige besluite/beleid met betrekking tot die beskrywing van die hoë waterrekeninge waar lekkasies plaasgevind het weer voor die Raad voorgelê word vir bespreking.

**8.9 VERSOEK TOT HULP MET RESTOURASIE VAN KERKGEBOU**
5/13/1

**BESLUIT**

aa

Dat die raad wel hulpverlening gaan verleen in die vorm van die toerusting, spesiale vaardighede en spesiale Vakman indien die Raad daaroor beskik.

**8.10 APPLICATION FOR FUNDING: NELSPOORT YOUTH DEVELOPMENT AND ARTS ACTIVITY CENTRE (NYDAAC): JUNE 16, 2014 CELEBRATION AND COMMEMORATION ON THE 1976 SOWETO STUDENTS UPRISING AND THE CENTRE LAUNCH**
5/13/1

**RESOLVED**

That due to the fact that the event already took place on the 16th June 2014, this matter be noted.

**8.11 APPLICATION FOR FUNDRAISING: MURRAYSBURG COUNCIL OF STAKEHOLDERS**
5/13/1

**RESOLVED**

aa

That a new application be submitted by the Murraysburg Council of Stakeholders wherein their needs are specified.

**8.12 VOORRAADOPNAME VERSLAG**
6/1/1/1; 7/1/4

**KENNIS GENEEM**

**8.13 KONDONERING VIR REGSTELLINGS JAARLIKSE VOORRAADOPNAME: 2013/2014**
6/1/1/1

**BESLUIT**

aa

Dat alle te korte en surplusse wat ondervind mag ondervind mag word met voorraadopname reggestel word, om sodoende voorraad af te sluit en dat die balanse met betrekking tot die nuwe finansiële boekjaar 2014/2015, kondoneer word.

**8.14 OPGRADERING SPORTSGRONDE**
6/1/1/1; 14/9/1

Raadslid EAJ Beyers gesekondeer deur Raadslid R van Linde stel voor dat beskikbare fondse so ver moontlik op alle Sportgronde aangewend word ooreenkomstig hul behoeftes.

Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat geld spandeer word op Merweville Sportsgronde en Mandlenkosi as prioriteit.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming, waarna die stemming soos volg uitsien

6 Stemme vir die voorstel van Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid L Deyce.

6 stemme vir die voorstel van Raadslid EAJ Beyers gesekondeer deur Raadslid R van der Linde.

Die Speaker bring sy beslissende stem uit ten gunste van die voorstel van Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid L Deyce.

**ALDUS BESLUIT**

## 8.15 VERKOOP VAN ERF 185: NELSPOORT

6/1/2/1: 7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

aa

Dat goedkeuring verleen word dat erf 185, Nelspoort aan mnr. JL van Dyk ten bedrae van R25 000.00 BTW ingesluit, verkoop mag word.

## 8.16 VERHURING VAN PERSONEELWONING: VOORTREKKERSTRAAT 19

7/1/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

## 8.17 AANSOEK OM HERNUWING VAN HUURKONTRAK: PERSONEELWOINGS: DORHALAAN 10 EN WYNNELAAN 1: MNR. LP LAKAY EN ME. E SWARTS

7/1/4

Mnr. LP Lakay verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.

**AANBEVELING**

ba

8.17.1 Dat die aansoek ontvang van mnr. LP Lakay en me. E Swarts vir die hernuwing van die huurooreenkoms ten opsigte van Dorhalaan 10 en Wynnelaan 1, vir 'n termyn van 24 maande verleng word.

8.17.2 Dat die huurwaarde van die eiendomme deur middel van 'n waardasie bepaal en dienooreenkomstig die waardeerde bedrag verhuur word.

Mnr. LP Lakay sluit weer by die vergadering aan na die bespreking van hierdie aangeleentheid.

**8.18 AANSOEK OM AANKOOP VAN DAM TUSSEN ERF 11 en ERF 12, HUGENOOTSTRAAT: MERWEVILLE**
7/3/4/1/1

ba

Raadslid J Bostander gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die gedeelte grond geleë tussen erf 11 en erf 12 Merweville nie verkoop word nie aangesien die gedeelte soos aangetoon op Bylae 112 as 'n retensiedam vir stormwater gebruik word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.19 AANSOEK OM DIE HUUR VAN SAAILANDE 1 & 2 TE MURRAYSBURG: MNR. B. CEDRAS**
7/3/4/1/1

aa Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid GT Murray stel voor dat die saailande te Murraysburg aan mnr. B Cedras vir 'n periode van 2 jaar teen markwaarde verhuur word.

Raadslid GP Adolph gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat die saailande te Murraysburg aan mnr. B Cedras verhuur word vir 'n periode van 3 jaar teen R100 per maand aangesien die roep van die armes dit regverdig.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna dit soos volg uitsien:-

6 stemme vir die voorstel van Raadslid GP Adolph gesekondeer deur Raadslid L Deyce.

6 stemme vir die voorstel van Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid GT Murray.

Die Speaker bring sy beslissende stem uit ten gunste van die voorstel van Raadslid GP Adolph gesekondeer deur Raadslid L Deyce.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.20 UTILIZATION AND PROTECTION OF VELD IN BEAUFORT WEST COMMUNAL LAND IN PRINCE BEAUFORT WEST, CENTRAL KAROO DISTRICT**
7/3/4/1/1

**RESOLVED**

aa

That information be gathered from the Department: Agriculture, Forestry and Fisheries pertaining the number of cattle on the commonage land and how many cattle can be accommodated.

**8.21 UTILIZATION AND PROTECTION OF VELD IN MURRAYSBURG COMMONAGE, DISTRICT OF CENTRAL KAROO DISTRICT**
7/3/4/1/1

**RESOLVED**

aa

That the report regarding the Utilization and Protection of Veld in Murraysburg Commonage, District of Central Karoo District received from the Department: Agriculture, Forestry and Fisheries be noted. Furthermore that Council will endeavour to implement the current plan in order to utilize national resource in a sustainable way.

**8.22 UTILIZATION AND PROTECTION OF VELD IN NELSPOORT COMMONAGE, CENTRAL KAROO (NELSPOORT)**
7/3/4/1/1

**RESOLVED**

aa

That the report regarding the Utilization and Protection of Veld in Nelspoort Central Karoo (Nelspoort) Commonage, received from the Department: Agriculture, Forestry and Fisheries be noted. Furthermore that Council will endeavour to implement the current plan in order to utilize national resource in a sustainable way.

**8.23 AANSOEK OM HUUR VAN GEDEELTE VAN ERF 249: STEENOONDE MURRAYSBURG: MURRAYSBURG BRICKS**
7/3/4/1/2/1

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce stel voor dat 'n gedeelte van erf 249, Steenoonde te Murraysburg vir 'n periode van 3 jaar teen 'n huurtarief van R50.00 per maand aan Murrayburg Bricks verhuur mag word.

Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse stel voor dat 'n gedeelte van erf 249, Steenoonde te Murraysburg vir 'n periode van 3 jaar teen markwaarde aan Murrayburg Bricks verhuur mag word.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna die uitslag soos volg uitsien:-

5 stemme vir die voorstel van Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse.

6 stemme vir die voorstel van Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid L Deyce.

Raadslid EAJ Beyers bly buitestemming.

**ALDUS BESLUIT**

## 8.24 AANSOEK OM DIE HUUR VAN PERSEEL 5 BY DIE BEAUFORT-WES STEENVELDE: STARLING ENTERPRISES

7/3/4/1/2/1

**BESLUIT**

aa

Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid R van der Linde stel voor dat Perseel 5 by die Beaufort Wes Steenvelde teen markwaarde aan Starling Enterprises verhuur word, dat aan die voorwaardes soos in die skrywe van die Direkteur: Ingenieursdienste voldoen word.

Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat Perseel 5 by die Beaufort-Wes Steenvelde vir ŉ periode van 3 jaar teen R100.00 per maand aan Starling Enterprises verhuur word.

Die Speaker bring beide voorstelle tot stemming waarna die stemming soos volg uitsien-

6 stemme vir die voorstel van Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid GP Adolph.

5 stemme vir die voorstel van Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid R van der Linde.

Raadslid EAJ Beyers bly buite stemming.

**ALDUS BESLUIT**

## 8.25 AANSOEK OM AANKOOP VAN GEDEELTE GROND TUSSEN ERF 143 EN DIE LYKSHUIS TE MERWEVILLE

7/3/4/1/3/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

## 8.26 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERWE 398 en 399: MURRAYSBURG

7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

Raadslid L Deyce verlaat die vergadering voordat item 8.27 bespreek word.

**8.27 AANSOEK OM KERKGROND: MURRAYSBURG: REVIVAL COMMUNITY MOVEMENT GEMEENTE**
7/3/4/1/3/2

**BESLUIT**

ba

8.27.1 Dat die aansoek ontvang van Mnr. H Haarvoor namens die Revival Community Movement Gemeente te Murraysburg nie toegestaan word nie aangesien die gedeelte grond vir die bou van 'n kerk nie voldoen aan die 10meter boulyn soos 'n vereiste gestel vir institusionele sone II nie.

8.27.2 Dat die kerk versoek word om addisionele grond te identifiseer en aansoek dienooreenkomstig in te dien.

Raadslid L Deyce sluit by die vergadering na bespreking van item 8.27.

**8.28 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 751: MURRAYSBURG**
7/3/4/1/3/2

ba

Raadslid L Deyce gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat erf 751, Murraysburg te koop aangebied mag word en dat 'n waardasie verkry word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.29 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 760: PENTECOSTAL UPPER HALL OF SOUTH AFRICA**
7/3/4/1/3/4

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.30 VERSLAE PROJEKTE: FEBRUARIE EN MAART 2014**
8/1/1/2/2

**BESLUIT**

aa

8.30.1 Dat die verslae vir Projekte vir die maande Februarie en Maart 2014 soos aangedui op Bylae 193 tot 204 van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

8.30.2. Dat die projek te Ebenezerlaan amptelik deur die Raad geopen moet word.

8.30.3 Dat 'n proforma tenderdokument deur die Direkteur: Ingenieursdienste aan die Raad van deur middel van 'n werkwinkel voorgehou word.

## 8.31 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: 4TH QUARTER: 01 APRIL – 30 JUNE 2014

8/1/1/2/3

**RESOLVED**

ba

8.31.1 That the Supply Chain Management Implementation Report with regards to the 4th Quarter from 01 April 2014 till 30 June 2014 be approved.

mb 8.31.2 That a report with regards to the expenditure which was paid to General Shine, Beaufort West Luxury Coaches, Harvey world and Abraham Kiewiets Attorneys be provided to Councillor DE Welgemoed.

## 8.32 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORTS: APRIL AND MAY 2014

8/1/1/2/3; 7/2/2

**RESOLVED**

That the monthly Supply Chain Management Implementation Report for the months April and May 2014 be approved.

## 8.33 INVITATION TO PARTICIPATE IN INTEGRATED COMMUNITY DEVELOPMENT PLANNING (ICDP) TRAINING PROGRAMME

10/3/2/3/4

**RESOLVED**

bp

That Mr. Joe Hearne from SALGA Western Cape be requested to provide the Speaker with the completed learner commitment forms as well as the motivational letters prepared by Beaufort West Municipality for all the Councillors of Beaufort West Municipality who attend the ICDP Training Programme.

## 8.34 MIG: VESTIGING VAN PMU VIR 2014/2015

10/3/3/5/6 PMU

**BESLUIT**

aa

Dat goedkeuring verleen word dat daar voortgegaan word met die aansoek om finansiële ondersteuning vir die “Project Management Unit” vir die 2014/2015 finansiële jaar.

Raadslid DE Welgemoed vra toestemming om die vergadering om synde 14:05 te verlaat om ander verpligtinge na te kom. Die Speaker verleen toestemming dat Raadslid Welgemoed die vergadering kan verlaat.

**8.35 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 1888: BLYTHSTRAAT 8: BEAUFORT-WES**
12/3/2

Op voorstel van Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid R van der Linde word eenparig soos volg-

**BESLUIT**

ba

8.35.1. Dat 'n afwyking vir die bedryf van 'n slaghuis ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) van Ordonnansie 15 van 1985 toegestaan word op die volgende voorwaardes:-

8.35.1.1 Dat die afwyking slegs vir 'n periode van een (1) jaar geldig sal wees waarna daar weer aansoek gedoen moet word.

8.35.1.2 Dat die aktiwiteite van die slaghuis nie 'n gesondheidsoorlas mag veroorsaak nie.

8.35.1.3 Dat alle afval ten alle tye in verkoelingsgeriewe geberg word en minstens twee (2) keer per week verwyder moet word.

8.35.1.4 Dat alle afvalwater deur 'n vetvanger na die munisipale rioolstelsel afgevoer word en sodanige vetvanger moet op 'n gereelde basis maar minstens een (1) keer per week skoongemaak word.

8.35.1.5 Dat verkoelingsgeriewe wat gebruik sal word vir die berging van karkasse so opgerig en geplaas moet word dat dit nie 'n geraas of oorlas veroorsaak nie.

8.35.1.6 Dat die motorhuis wat as slaghuis gebruik sal word slegs daarvoor gebruik mag word en mag nie terselfdertyd as stoorplek gebruik word nie.

**8.36 AANSOEK OM HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 3589: GORDONSTRAAT 33, NIEUVELD PARK, BEAUFORT-WES: C. SIMON (PIETER MAMPARA)**
12/3/2; 12/4/4/2

**BESLUIT**

ba

Dat daar op die terugvoering van die Departement: Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning gewag word vir besluitneming van die Raad.

**8.37 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 1825: WEIDEMANSTRAAT 15: BEAUFORT-WES**
12/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat 'n vergunningsgebruik vir 'n addisionele woongebou ingevolge Regulasie 4.7.3 van die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes, op erf 1825, Beaufort-Wes toegestaan word.

**8.38 AANSOEK OM AFWYKING VAN DORPSAANLEGSKEMA: GEDEELTE VAN PLAAS 254: VARSFONTEIN: BEAUFORT-WES**
12/3/2; 12/3/3

**BESLUIT**

ba

8.38.1 Dat goedkeuring verleen word ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) vir 'n afwyking vir 'n leengroef op 'n Gedeelte van die 254, Varsfontein, Beaufort-Wes onderworpe aan die volgende voorwaardes:

8.38.1.1 Dat tydelike verkeersborde geïnstalleer moet word vir die regulering van die verkeer.

8.38.1.2 Dat die grond gedeeltes op gereelde basis moet nat gemaak word om stof in die area te vermy.

8.38.1.3 Dat na die ontginningsproses van die leengroewe moet die grond so verwerk word dat die groef dien as 'n wateropvangspunt.

**8.39 AANSOEK OM HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK: ERF 105: LOUWSTRAAT 2: MURRAYSBURG**
12/3/2; 12/4/4/2

**BESLUIT**

ba

8.39.1 Dat die Raad volstaan by sy besluit geneem op 03 April 2013 met die volgende wysigings:-

8.39.1 Dat goedkeuring verleen word dat die bestaande geboue nie vir woondoeleindes gebruik mag word nie.

8.39.2 Dat al die binnemure klankdig gemaak word.

8.39.3 Dat geen buitemuurse aktiwiteite kan plaasvind nie.

8.39.4 Dat parkering van 'n weervaste oppervlakte soos uitgemaak op die bouplan aangebring moet word.

8.39.5 Dat goedkeuring verleen word dat 'n skeidingsmuur tussen die residensiële woning en die sakeperseel van 2,2 meter steenmuur aangebring word.

8.39.6 Dat goedkeuring verleen word dat daar aan die bedryfsure van 09h00 – 22h00 weekdae en naweke vanaf 09h00 tot 02h00 soos vereis deur die SAPD voldoen word.

8.39.7 Dat indien 'n advertensie teken/bord opgerig gaan word, daar planne by die Boubeheer afdeling te Birdstraat 61, Beaufort Wes ingedien word.

## 8.40 AANSOEK OM HERSONERING: ERF 23: HUGENOOTSTRAAT 10: MERWEVILLE: FUTURE 69 TRUST

12/4/4/2

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

## 8.41 AANSOEK OM ONDERVERDELING VAN ERF 7388 BEAUFORT-WES

12/4/5/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 25 van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die onderverdeling van erf 7388 soos uiteengesit op die plan van voorgestelde onderverdeling onderworpe aan die volgende voorwaardes

8.41.1 Dat geen water-, riool- of vullisverwyderingsdienste deur die Munisipaliteit aan die gedeeltes voorsien word nie.

8.41.2 Dat die serwituut vir die hoofwaterlyn (200 mm) langs die N1 ten gunste van die Beaufort-Wes Munisipaliteit moet bly voortbestaan.

8.41.3 Die voorwaardes soos uiteengesit in paragraaf 3 van die Distrikspadingenieur se skrywe dateer 02 April 2014, verwysing O/DM 5/2.

## 8.42 AANSOEK OM KONSOLIDASIE: ERF NO. 3050 MET ERF 145: S. NTSHANGANA

12/4/5/2

**BESLUIT**

ba

8.42.1 Dat die konsolidasie van erf 3050 met erf 145, Sidesaviwa nie goedgekeur word nie omrede ŉ hoofrioollyn oor die gedeelte grond geïnstalleer is.

8.42.2 Dat geen permanente strukture opgerig word nie, maar wel as stoorplek gebruik word en dat die eiendom steeds die eiendom van die Munisipaliteit is.

## 8.43 VERSLAPPING VAN SUIDELIKE KANTBOULYNE: ERF 38: VOORTREKKERSTRAAT 6: MERWEVILLE

12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(1)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die verslapping van die suidelike kantboulyn op erf 38 Merweville met 1.5 m soos opgelê kragtens die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes ten einde ŉ nuwe badkamer en oordekte stoep op te rig.

**8.44 AANSOEK OM VERSLAPPING VAN NOORDELIKE KANTBOULYN: ERF 1510: CHRISTOFFELSTRAAT 9: BEAUFORT-WES: J. JONKERS**
12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(1)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die verslapping van die noordelike kantboulyn op erf 1510 na 0 m soos opgelê kragtens die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes ten einde ŉ motorhuis op te rig.

**8.45 VOORTREKKERSTRAAT 62: BEAUFORT-WES: CE POTGIETER**
12/4/6/3/2

**BESLUIT**

ba

Dat goedkeuring ingevolge Artikel 15(1)(b) saamgelees met Artikel 15(1)(a)(i) van Ordonnansie 15 van 1985 verleen word vir die verslapping van die westelike kantboulyn op erf 1766 met 1.45 m soos opgelê kragtens die Skemaregulasies van toepassing op Beaufort-Wes ten einde ŉ slaapkamer op te rig.

**8.46 POLICY ON PAUPER BURIAL**
13/6/1

**RESOLVED**

aa

8.46.1 That the expenditure as stipulated in Annexure 651 of the agenda be approved.

8.46.2 That the Policy on pauper burial be tabled at the next Council meeting.

**8.47 VERHURING VAN KLUBHUIS BY AMOR GREEN SPORTGRONDE**
14/9/1

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.48 OORDRAG VAN WONING TE STEENKAMPWEG 41: ERF 5419: E. MARTINS**
14/11/3/2/2; 14/11/3/2/3; Erflêer: 5419

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.49 TOEKENNING VAN WONING: ERF 2634 KWA-MANDLENKOSI**
14/11/3/2/25

Die speaker vra dat die vergadering vir 5 minute verdaag. By hervatting van die vergadering word soos volg

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.50 AANSOEK VIR DIE TOEKENNING VAN EIENDOM: MNR. S.J. JASS (NOHANASTRAAT 128) KWA-MANDLENKOSI**
14/11/3/2/25

**BESLUIT**

Dat hierdie aangeleentheid oorstaan en by die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering voorgelê word vir bespreking.

**8.51 REPEAL OF POUNDS ORDINANCE No. 18 OF 1938 AND MDODANA vs PREMIER OF THE EASTERN CAPE AND OTHERS CASE No.: 1648/10; CCT 85/13**
14/13/B

**NOTED**

**8.52 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: MENSLIKE HULPBRON EN ONTWIKKELINGSKOMITEE GEHOU OP 01 APRIL 2014**

**BESLUIT**

ba

Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die Staande Komitee: Menslike Hulpbron en Ontwikkelingskomitee gehou op 01 April 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.53 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: KORPORATIEWE DIENSTE en SOSIALE ONTWIKKELING GEHOU OP 02 APRIL 2014**

**BESLUIT**

ba

Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die Staande Komitee: Korporatiewe Dienste en Sosiale Ontwikkeling gehou op 02 April 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.54 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE 1ste ARBEIDSFORUM GEHOU OP 10 APRIL 2014**

**BESLUIT**

ba

Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die 1ste Arbeidsforum gehou 10 April 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.55 NOTULE/VERSLAG VAN DIE 1ste SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP 12 MEI 2014**

**BESLUIT**

ba

Dat die notule/verslag van die 1ste Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering soos gehou op 12 Mei 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.56 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE 2de ARBEIDSFORUM GEHOU OP 28 MEI 2014**

**BESLUIT**

ba

Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die 2de Arbeidsforum gehou 28 Mei 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.56 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: FINANSIËLE DIENSTE en ONTWIKKELINGSKOMITEE GEHOU OP 03 JUNIE 2014**

**BESLUIT**

ba

Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die Staande Komitee: Finansiële Dienste en Ontwikkelingskomitee gehou op 03 Junie 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word.

**8.57 NOTULE/VERSLAG VAN 'N VERGADERING VAN DIE STAANDE KOMITEE: MUNISIPALE DIENSTE en INFRASTRUKTUUR GEHOU OP 4 JUNIE 2014**

**BESLUIT**

ba

Dat die notule/verslag van 'n vergadering van die Staande Komitee: Munisipale Dienste en Infrastruktuur gehou op 4 Junie 2014 soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word met die uitsondering van item 12 op Bylae 697 van die agenda.

**8.58 WAARNEMING: DIREKTEURE**

4/6/1/3

**AANBEVELING**

8.58.1 Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste, mnr. AC Makendlana, waarneem as Munisipale Bestuurder in die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder.

bp

8.58.2 Dat die Direkteur: Elektrotegniese Dienste, mnr. RE van Staden, waarneem as Munisipale Bestuurder in die afwesigheid van beide die Munisipale Bestuurder en Direkteur: Korporatiewe Dienste.

**8.59 MEDEDELINGS VAN DIE SPEAKER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.60 MEDEDELINGS VAN DIE SPEAKER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.61 MEDEDELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEERSTER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

**8.62 VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**
3/4/1

**KENNIS GENEEM**

Councillor AM Slabbert asked if she could leave the meeting due to other responsibilities in her ward. The Speaker granted permission to Councillor Slabbert to be excused from the meeting.

**8.63 REQUESTS FOR ASSISTANCE: NATIONAL DEVELOPMENT AGENCY**
5/13/1

aa

Councillor M Furmen seconded by Councillor GT Murray proposed that approval be granted for financial assistance to the amount of R8 442.00 to National Development Agency (NDA) for the Masisebenzisane Womens Development Project in Beaufort West.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

**8.64 DRAFT PUBLIC PARTICIPATION POLICY**
13/7/15/1

**RESOLVED**

aa

That the draft Public Participation Policy be presented to Councillors in the form of a workshop.

**8.65 AANSTELLING: DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE**
4/3/1

**AANBEVELING**

bp
mb Dat 'n komitee saamgestel word bestaande uit Raadslede R van der Linde, EAJ Beyers, J Bostander en SM Motsoane om mnr. Sabbat se salaris te onderhandel.

**8.66 AANSTELLING: DIREKTEUR: KORPORATIEWE DIENSTE**
4/3/1

**AANBEVELING**

bp
mb Dat 'n komitee saamgestel word bestaande uit Raadslede R van der Linde, EAJ Beyers, J Bostander en SM Motsoane om mnr. AC Makendlana se salaris te onderhandel.

**8.67 VUL VAN VAKATURE: BESTUURDER SIVIELE DIENSTE: ING 86 – T16**
4/3/2

**BESLUIT**

kk
Dat hierdie aangeleentheid by die eerskomende Spesiale Raadsvergadering aan die Raad voorgelê word vir bespreking.

**8.68 VERSKEIE ONDERSOEKE: DEPARTEMENT WATERWESE: SPEAKER**
13/1/1

**BESLUIT**

kk
Dat hierdie aangeleentheid by die eerskomende Spesiale Raadsvergadering aan die Raad voorgelê word vir bespreking.

**8.69 SALARISVERHOGINGS: ARTIKEL 56 AANSTELLINGS**
SP

mb
bp Raadslid M Furmen gesekondeer deur Raadslid GT Murray stel voor dat die Raad herbevestig dat alle Artikel 56 en 57 aanstellings dieselfde salarisverhoging soos beding deur die Bedingingsraad uitbetaal word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.70 ONDERSOEK: MNR. S. MOSES // MNR. JCL SMIT**
SP

Mnr. JCL Smit verlaat die vergadering tydens die bespreking van hierdie aangeleentheid.

**BESLUIT**

kk

Dat hierdie aangeleentheid by die eerskomende Spesiale Raadsvergadering aan die Raad voorgelê word vir bespreking.

Mnr. JCL Smit sluit weer by die vergadering aan na die bespreking van hierdie aangeleentheid.

**8.71 VERKIESING VAN DIE UITVOERENDE ONDER BURGEMEESTER**
3/4/1

Die Speaker meld dat aangesien al die Raadslede nie teenwoordig is om die item af te handel nie, hierdie item oorstaan en by die eersvolgende Spesiale raadvergadering bespreek word.

**8.72 AANSOEK OM ESSENSIELE VERBRUIKERS SKEMA: MNRE. U MC KAY EN A MITCHELL**
4/6/1/7

**BESLUIT**

bp

Dat alle aansoeke met betrekking tot die essensiële verbruikerskema voor die Raad dien vir bespreking.

**8.73 STOPORDER: MAFORI FINANCE**
4/7/1/1

The Speaker table a letter received from SAMWU with regards to a stop order for Mafori Finance which Council:-

**RESOLVED**

bp

8.73.1 That approval be granted for the stop order facilities for Mafori Credit Services on behalf of SAMWU members.

8.73.2 That when premiums exceed 20% of the nett salary, such stop order should not be processed.

**9. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN MOSIES**

**9.1 MOSIE: BEWEERDE ONREËLMATIGHEDE BY VERKEERSAFDELING**
3/2/1/1; 14/2/1

Die Speaker meld dat hierdie aangeleentheid as afgehandel beskou word aangesien Raadslid DE Welgemoed nie teenwoordig is nie.

## 9.2 MOSIE: BETALING VAN OUDITEURE SE REKENING
3/2/1/1; 5/12/1/2

Die Speaker meld dat hierdie aangeleentheid as afgehandel beskou word aangesien Raadslid DE Welgemoed nie teenwoordig is nie.

## 10. OORWEGING VAN KENNISGEWINGS VAN VRAE

**GEEN**

## 11. OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES

**GEEN**

Die vergadering sluit om **16:25**

Notule bekragtig hierdie dag van 2014

____________________
SM Motsoane
**SPEAKER**